**Skriflesing: Lukas 7 vers 29 - 50**
**Tema: Oor wie gaan dit in jou lewe?**

Oor wie gaan dit in jou lewe? Op wie val die fokus?

Ons lees in Lukas 7 van 3 mense. Kom ons gaan kyk op wie hulle fokus en wat ons daaruit kan leer.

**1. Die Fariseërs fokus op hulleself**
Die godsdienstige reëls en oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte is vir hulle baie belangrik. Volgens hulle is dit genoeg om hulle rein te hou.

Hulle is met niks en niemand anders tevrede nie.

Hulle het hulle eie opvatting oor wie en wat Jesus moet wees.
Simon, die Fariseër, nooi Jesus om by hom te kom eet. Hy doen dit nie om die regte redes nie. Dalk merk hy dit af as nog 'n goeie daad. Hy spreek Jesus aan as as Meester, maar hou Hom op 'n afstand.

Simon ontvang Jesus nie gasvry nie. Hy was nie Sy voete nie, soen Hom nie en salf nie Sy hoof met olie nie. Dit was die normale take van 'n gasheer. Hiervoor ag hy homself waarskynlik te belangrik.

Hy bevraagteken voortdurend vir Jesus. Hy sê by homself dat as Jesus 'n profeet was, Hy tog sou geweet het watter soort vrou aan hom raak en Hom, volgens die reëls van die Fariseërs, sodoende onrein maak.

Selfs nadat Jesus duidelik die hart van die vrou en die gedagtes van Simon ken, aanvaar hy Hom nie as die Seun van God nie. Die volgende vraag van die Fariseërs is wie Hy is dat Hy sondes kan vergewe.

Ek dink nie ons moet oorhaastig vinger wys vir die Fariseër en hom veroordeel nie. Herken ons nie iets van hom in onsself nie? Hy is 'n ordentlike en 'n goeie mens. Maar sy lewe draai om homself. Dit kan so maklik ook met ons gebeur. Ons dien die Here, maar sonder dat ons dit agterkom, dikwels op ons eie voorwaardes en godsdienstige voorskrifte.

Hy roep ons op om, soos Hy, nie gedien te wil word nie, maar om te dien. Hy gee ons opdrag om ons vyande lief te hê en om die evangelie te verkondig. Hoe gehoorsaam is ons hieraan? Of dien ons die Here op ons eie voorwaardes? Die Here moet by my en by dit wat vir my gemaklik is, aanpas en inpas.

Hoe hanteer ons "die sondige vroue" wat oor ons pad kom? Maak ons met hul kontak of oordeel en veroordeel ons hulle?

**2. In skrille kontras met Simon, ontmoet ons die naamlose vrou**
Sy is nie genooi na die ete nie. Sy veroorsaak, om dit lig te stel, ietsie van 'n krisis en ongemaklikheid wanneer sy opdaag.
Maar dan leef sy alles uit waarvan ons lees in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 1, Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in die troos dat jy aan Jesus Christus behoort gelukkig te kan lewe en sterwe?
Antwoord: Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees.

Sy fokus op Jesus. Sy bring reukolie saam om Hom, in dankbaarheid en liefde, te salf.

In die tyd het mense op hul elmboog gelê by die etenstafel. Hulle voete het buitentoe gewys. Wanneer hierdie vrou by sy voete staan, word sy oorval deur emosie. Sy huil trane van berou, dankbaarheid en liefde. Sy droog Jesus se voete met haar hare af, soen dit en salf dit met reukolie. Oorweldig deur die vergifnis van haar sonde, bewys sy baie liefde. Sy fokus op Jesus. Sy hou niks terug nie. Sy gee vrygewig en oorvloedig. Jesus praat net 3 sinne met haar en verseker haar: [48]En Jesus sê vir haar: "Jou sondes is vergewe." [50]Maar Jesus sê vir die vrou: "Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede."

**3. Die derde persoon in die verhaal is Jesus**
Jesus maak nie onderskeid tussen mense nie. Hy fokus op die selfsugtige, godsdienstige leiers én Hy is 'n vriend van tollenaars en sondaars

Aan Simon en die toehoorders vertel Hy die volgende verhaal in Lukas 7:
[41]Jesus sê toe: "Twee mense was in die skuld by 'n geldskieter. Die een het vyf honderd rand geskuld en die ander een vyftig. [42]Omdat hulle niks gehad het om mee te betaal nie, het hy die skuld vir albei kwytgeskeld. Wie van hulle sal hom die meeste liefde bewys?" [43]Simon antwoord: "Ek veronderstel dié een vir wie hy die meeste kwytgeskeld het." "Jou antwoord is heeltemal reg," sê Jesus,[44]en Hy draai na die vrou toe om en sê verder vir Simon: "Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom – en jy, water vir my voete het jy My nie gegee nie, maar sy, met haar trane het sy my voete natgemaak en met haar hare het sy dit afgedroog. [45]'n Soen het jy My nie gegee nie, maar sy het vandat sy hier ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie. [46]My kop het jy nie eens met olie gesalf nie; sy het my voete met reukolie gesalf. [47]Ek sê vir jou, omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde. Maar hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde."

Die fokus in die verhaal val nie op hoe groot sonde is nie. Ons almal het sonde. Die fokus val op die feit dat ons nie ons sonderekening kan betaal nie. God skryf ons skuld af deur Sy Seun, Jesus Christus. Daar kan net een gepaste reaksie op vergifnis van sonde wees en dit is 'n lewe van baie liefde en dankbaarheid.

**Afsluiting**
Oor wie gaan dit vir jou?
Kom ons fokus opnuut, soos Jesus, weg van onsself op Hom en op alle ander mense. Soos Hy, kom ons steek grense oor na skynheiliges wat ons as kerk sit en oordeel én na hulle wat nog in sonde vasgevang is. En ons doen dit nie om iets te verdien nie, maar ons doen dit met baie liefde en uit dankbaarheid vir die afskryf van ons sondeskuld, omdat ons nie anders kan nie. **Amen**